# EDITORIAL



If you are one of those wanna-be authors then this issue is just for you. *I've written a book* by Dr Frederick de Jager (page 14) may not be exactly what you would like to hear but could be an article that changes your approach and tempers your enthusiasm - or perhaps inspires you to take the final plunge into the world of authorship. You need to decide.

In another attempt to aid readers with a penchant for writing, we publish a most informative and comprehensive booklist for authors written by one of our book selectors, Sabrina Gosling – most titles of which are available from the Library Service (page 25). And as always, Dr Francois Verster has added his halfpennyworth in his notes *On writing* on page 10. Verster also entertains us with a report on a discussion he attended at the recent Woordfees in Stellenbosch led by well-known authors and editors on the topic of book reviews and its influence on authors (page 20). It makes for interesting reading, especially as it might well relate to the book discussion by Anita de Kock from Robertson Library's Reading Circle on the title, **Dis koue kos, skat** by Marita van der Vyver - a title that led to some serious and somewhat emotional discussion between critics and other authors.

One of our not so regular but favourite contributors, Luke Townsend, chief librarian at Wynberg Library, made my heart skip a beat when I received his contribution for the *Arts* this month, *Viva Vinyl! Viva books!* (page 52). I genuinely share his sentiments that our lives have been so invaded by modern technology that we have lost sight of many of the good things in life. The slow movement in respect of cooking (which I find very appealing) cannot spread its tentacles fast enough in all other spheres of my life – the vinyl revival included. Despite my family's protestations re lack of space, I still have stored in the garage at home boxes of vinyl which I have collected over the years and have refused to give up on – that, despite the fact that my record player gave up the ghost some ten years ago.

When next we 'meet', we will be reporting on the biennial Cape Town Book Fair scheduled to take place in June and where the Library Service will be a prominent feature.

Indien jy een van daardie ek-wil-graag -'n-boek-skryf outeurs is, dan is hierdie uitgawe net vir jou. Sekere van die aspekte wat bespreek word in *I've written a book* deur Dr Frederick de Jager (bladsy 14) is dalk nie wat mens graag sal wil hoor nie, maar aan die anderkant kan dit dalk net die artikel wees wat jou benadering verander, jou entoesiasme met 'n tikkie realisme temper - óf jou inspireer om die finale stap na die wêreld van skrywers te neem. Dis jou besluit.

In 'n verdere poging om lesers wat daarna smag om te skryf verder by te staan, publiseer ons in hierdie uitgawe 'n uiters volledige en betekenisvolle boeklys vir skrywers saamgestel deur een van ons boekkeurders, Sabrina Gosling (bladsy 25). Die meeste van die titels is in die Biblioteekdiens beskikbaar. En soos altyd werp Dr Francois Verster ook sy stuiwer in die armbeurs met sy bekende reeks, *On writing* op bladsy 10. Verster onthaal ons ook op bladsy 20 met 'n verslag oor die interessante bespreking wat hy onlangs by die Woordfees in Stellenbosch bygewoon het waar bekende outeurs en redakteurs die rol van die boekkritikus en die invloed wat resensies op boeke het. bekyk het. Interessante leesstof – veral gesien in die lig van die boekbespreking gelei deur Anita de Kock van Robertson Biblioteek se leeskring oor Marita van der Vyver se jongste, **Dis koue kos, skat** - 'n titel wat omtrent kritiek onder sommige resensente uitgelok het (bladsy 22).

Luke Townsend, hoofbibliotekaris van Wynberg Biblioteek en een van ons gewilde bydraers (wat na ons mening nie genoeg vir ons skryf nie), het hierdie maand my hart vinniger laat klop met sy puik bydrae, *Viva Vinyl! Viva books!* op bladsy 52. Ek ondersteun sy sentiment ten volle dat ons lewens deesdae so oorgeneem word deur moderne tegnologie dat baie van ons die mooi in die lewe net eenvoudig miskyk. Die `slow movement' in die kookkuns is asof dit vir my gemaak is en my wens is net dat alles wat `slow' is 'n houvas op my lewe kan kry – die 'vinyl revival' ingesluit. Ek is bitter bly dat ek ten spyte van my familie se besware oor gebrek aan pakplek, halsstarrig geweier het om van my talle dose langspeelplate wat ek oor die jare versamel het, ontslae te raak - ten spyte van die feit dat my platespeler tien jaar gelede die gees gegee het.

As ons weer 'ontmoet', gesels ek oor die twee-jaarlikse Kaapstadse Boekefees wat in Junie plaasvind en waar die Biblioteekdiens 'n prominente uitstalling gaan hê.

*Grizélle*

*Editor* • *Redakteur*
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Sub-Editor* • *Subredakteur*
Ethney Waters
Tel: (021) 483-2234

*Layout* • *Bladuitleg*
Olivia Forshaw

*Photography* • *Fotografie*
David Webber

*Administration and Advertising* • *Administrasie en Advertensies*
Szerena Knapp
Tel: (021) 483-2483
Faks / Fax: (021) 419-7541

*Web site* • *Webtuiste*
www.westerncape.gov.za

*Online public access catalogue*
http://wc.slims.gov.za/desktop/desktop.phtml

*E-mail* • *E-pos*
capelib@pgwc.gov.za
gazarlux@pgwc,gov.za
grizell@iafrica.com

*Address* • *Adres*
PO Box 2108 Cape Town, 8000
Posbus 2108 Kaapstad, 8000

*Indexed in* • *Geïndekseer in*
LISA (Library and Information Science Abstracts)

*Reproduction and Printing* • *Reproduksie en Drukwerk*
Shumani Mills Digital

*Cover design* • *Omslagontwerp*
Olivia Forshaw

© Library Service © Biblioteekdiens

SA ISSN 0 008 5790

***Editorial policy***
The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

***Redaksionele beleid***
Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en verskyn twee-maandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.